**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 7: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (3)**
(Waarde van ’n studie van Ekonomie, loopbaangeleenthede, ’n ekonoom)

1 ’n Ouer wat baie besorg is oor die hantering van afval in Suid-Afrika en dit gereeld met sy kinders bespreek, meen dat sedert sy seun Ekonomie as vak neem, hy baie meer geneig is om munisipaliteite se (a) <u>hantering van afval te bevraagteken</u> en dat die seun meen dat daar (b) <u>talle oplossings</u> is wat nie deur munisipaliteite oorweeg word nie. Die seun gebruik ook die internet om te bepaal (c) <u>hoe ander lande</u> hierdie probleem aanpak.

Dui aan watter voordele van ’n studie van Ekonomie by (a) tot (c) betrokke is.

(a) ________________________________ (b) ____________________________________

(c) ________________________________________________________________________

2 Die Reserwebank besluit om rentekoerse te verhoog. Watter voordeel het ’n persoon wat ’n kennis van Ekonomie het bo ’n leek in hierdie geval?

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

3 Noem drie lande waar baie leerders Ekonomie op skool neem en wat ’n hoë lewenstandaard het.

___________________________________________________________________________

4 Die staat besluit om ’n addisionele vakansiedag in te stel, die “kom ons glimlag vir mekaar” dag. Sal hierdie poging enigsins ekonomiese implikasies hê?

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

5 Verskaf die name van drie ekonome wat rubrieke in koerante of tydskrifte hanteer.

___________________________________________________________________________

6 Skryf die naam van enige ekonoom neer en verskaf dan kortliks enige mening wat hierdie ekonoom onlangs gehad het.

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________